

21 Maart 2021 – Jesus en die koringkorrel

Groete en verwelkoming

Afkondigings

Oomblik van Stilte/ Votum –

- The Prayer – Barend en Sonnie

NEEM TOG MY SONDE WEG!

1 Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan

2 dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba.

3 Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid!

4 Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde!

5 Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus.

6 Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig.

7 Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het.

8 Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe.

9 Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees.

10 Laat my weer blydschap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel.

11 Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit!

12 Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.

13 Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!

14 Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.

15 Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer.

16 Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad.

17 Here, gee my die woorde om u lof te verkondig.

18 'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie.

19 Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

20 Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem.

21 Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik wees:

offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle weer bulle op u altare offer.

Lofsang

Skriflesing – Johannes 12:20-36

20 Daar was ook 'n aantal Grieke onder die mense wat fees toe gekom het om te aanbid.

21 Hulle het na Filippus, wat van Betsaida in Galilea afkomstig was, gegaan en vir hom gevra: “Meneer, ons wil Jesus graag ontmoet.”

22 Filippus het gegaan en dit vir Andreas vertel. Andreas en Filippus gaan toe en sê dit vir Jesus.

23 Daarop sê Jesus vir hulle: “Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.

24 Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in.

25 Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou.

26 As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

27 “Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, **vir hierdie uur.**

28 Vader, verheerlik u Naam!” Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: “Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.”

29 Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: “'n Engel het met hom gepraat.”

30 Toe sê Jesus: “Hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil.

31 Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe.

32 En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.”

33 Dit het Hy gesê en daarmee ook aangedui op watter manier Hy sou sterwe.

34 Die mense sê toe vir Hom: “Ons het uit die Skrif geleer dat die Christus vir ewig gaan bly. Hoe sê u nou dat die Seun van die mens verhoog moet word? En hierdie Seun van die mens, wie is hy?”

35 Toe sê Jesus vir hulle: “Nog net 'n kort tydjie is die lig by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis lewe, weet nie waar hy gaan uitkom nie.

36 Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees.” Dit het Jesus gesê en daarna van hulle af weggegaan en Hom skuil gehou.

Prediking

Terwyl ons so op die pad is na Paasfees toe, kom 'n mens vinnig agter hoe kort die tyd geraak het vir Jesus. Iemand vra my nou die dag hoekom so baie praat oor swaar tye, en die antwoord is heel moontlik omdat ek voel dit is relevant in vandag se tyd.

Dink vir oomblik aan die temas waarmee ons besig is.

- Jesus, word gedoop en versoek en dan begin Sy bediening.
- Jesus, se opdrag aan ons is ook om ons kruis op te neem en Hom te volg.
- Jesus, reinig die tempel
- Nou word Jesus verheerlik in die middle van die situasie waarin Hy homself vind.

Jesus begin hierdie gesprek en dit wil voorkom dat wanneer Jesus die menigte aanspreek Hy nie net met die Jode praat nie maar ook die nie-Jode. Almal kom na Jesus, toe en wil Hom sien en met Hom praat.

Daarom in vers 23 skrywe Johannes dat Jesus nou aan die beurt kom en glo ek Jesus spreek die hele groep mens aan.

Hy praat van 'n koringkorrel. En hier is die les wat Jesus vir die menigte wil leer.

Hy sê as 'n koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, dan kan daar nie 'n oes wees nie. Koringkorrels wat geplant word sal mettertyd begin groei en koringare mee bring en daaraan sal nuwe koringkorrels wees.

Hiermee glo ek is die bedoeling dat Jesus vir die mense wil sê as Hy nie sterf nie, kan die oes vir God nie sigbaar wees in die wêreld nie.

Weereens kan Jesus hier praat met Sy Goddelike gesag en outoriteit. Hy het 'n plan en daardie plan moet geskied, maak nie saak wat nie.

Sy opstanding uit die dood is reeds die bewys dat Hy die ewige lewe het en onder die gesag van Godself staan. Daarmee saam wil Jesus ook die boodskap bring dat dié wat in Hom glo nie bekommerd hoef te wees nie, want Jesus is by magte om aan almal wat in Hom glo die ewige lewe te gee.

Dit wil ook voorkom dat Johannes vir ons wil moed in praat in vers 25 en aanspoor om met toewyding te leef en nie toe te laat dat ons val in ons geloof nie. Daarna die terugverwysing na 'n vore teks waar Jesus sê om my volkome te volg moet julle, julleself verloën en julle kruis opneem.

Johannes sê nie dat ons die graagte moet hê of ontwikkel om te sterf nie, maar die toewyding waarvan Johannes praat wil Hy eintlik sê dat ons die eie "ek" moet wil vervang met die kruis.

Ons moet nie vasklou aan ons besittings nie, maar alles prysgee wil gee om in Jesus se spore te wil volg.

Jesus beklemtoon dan ook hier in die gedeelte dat Hy dit nie net doen om Sy EIE ontwil nie, maar om God se wil.

Dan lees mens in vers 27 dat Jesus ontsteld is. Al hierdie mense wat so na Hom luister en Hom wil besoek kan nie verstaan wat God se plan is nie en nou dring mense daarop aan om Hom te sien.

Ek wil amper sê dat Jesus op hierdie stadium nie lus was om mense te sien nie. Nie omdat Hy nie lief is vir hulle nie, maar omdat hulle nie verstaan nie. Dit is asof Jesus hierdie vraag na die mense terug gooi en vra, nou wat wil julle hê moet ek sê?

27 "Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur.

Jesus sê vir hulle dat Hy moet sterf sodat Hy hulle kan red, maar steeds verstaan die mense dit nie.

Daarna roep Jesus uit na die Vader wat in die hemel is en vra dat Sy (Die Vader) se naam verheerlik moet word. Dan weer die stem uit die hemel wat sê My naam is verheerlik.

Dan die weer mooi deel wat sê hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil en daar sê Jesus vir hulle dat wanneer Hy sou sterf aan die kruis mense nie bang hoef te wees nie, want sien die, Here, se plan sal dan in volle werking oorgaan en dat deur Jesus se dood sal daar oorwinning wees.

Jesus het immers gekom ons jou en my sonde weg te neem. En daar is niks wat iemand kan sê of doen wat dit kan wegneem van jou as gelowige nie. Hy het aan die kruis die losprys betaal vir jou en my sondes.

Weereens is hier ook die gedagtes wat regdeur die Markus en Johannes evangelie ter sprake kom, deurdat Jesus, net vir die Jode is en nie iemand anders nie. Jesus gee as te ware eintlik 'n oop uitnodiging – Jesus se boodskap is vir almal.

Ek lees eendag hierdie week 'n opskrif wat sê **God se fontein waar almal welkom is.** Daarom is dit jou en my verantwoordelikheid om dit wat ons van die Here ontvang sal uitdra na die wêreld toe en dat almal weet wie hierdie Jesus van Nasaret werklik is.

In ons gedeelte maak Jesus dit dan ook bekend dat SY tyd aangebreek het, vir almal wat geglo het dat Jesus (die Messias) eerder sal bly en veg was hierdie slegte nuus, maar het Jesus dit bekend gemaak wat God se plan was vir die mense. Daarom ook die woorde wat Hy sê maak nou in 'n mate sin. Maar nie almal verstaan dit nie.

Daarom van vers 31 tot 36 is daar hierdie ongelooflike aanmoediging deur Johannes wanneer Hy Jesus se woorde gebruik wat om op twee maniere gesien te kan word.

1. Dit daar oor Jesus, wat Sy dood aankondig en verwys na Jesus, wat die lig is wat gaan moet sterf en dan weer opstaan nadat Hy die bese oorwin het.
2. En dan die figuurlike wyse waarop Johannes hierdie woorde gebruik om vir ons iets te leer. Net soos wat Jesus hier op aarde onder ons was het Hy orals waar

Hy gekom het, het Hy hoop gebring en mens geleer. Was Hy soos 'n koringkorrel wat geplant was en wat moes sterwe sodat daar 'n oes kon wees.

Jesus het orals waar Hy gekom het vir die dissipels 'n voorbeeld gestel van wat dit sou beteken om waarlik in die spore van Jesus te beweeg.

Daarom moet ons ook daarna strewende om in die lig te lewe (in volle afhanklikheid van die Here).

Daarom oor die vraag in die begin waarvan almal al vergeet het. Waarom preek ek baie oor die swaarkry van die lewe. Waarom is dit belangrik?

Ek en jy is geneig om baie soos hierdie mense te reageer. Ons wil ons weg hê, dit gaan alles oor jou. Daarom waarsku Jesus ons oor die duisternis en lig. Elke dag moet ons nie vasgevang wees in die swaarkry van ons tye nie, maar eerder moet ons gefokus wees om nader aan die Here te lewe. Ons moet onself verloën en nie ons weg die heelyd wil soek nie. Ons moet sterwe in onself sodat ons deel kan wees van die oes van God.

Hy is die weg, die waarheid en die lewe. In Hom alleen is daar hoop!

Amen.

Gebed

Slotlied

- In Christ alone (Video)

Seëngroet

24“Die Here sal julle seen en julle beskerm;

25. die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

26. die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee